REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE STAATSDIENS, 2023**

## 1. AGTERGROND

1.1 Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) ("die Hoofwet") is laas in 2007 gewysig deur die Wysigingswet op die Staatsdiens, 2007 (Wetnr. 30 van 2007) om ’n nuwe regsbedeling in die Staatsdiens, in ooreenstemming met die basiese waardes en beginsels soos vervat in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 ("die Grondwet") en ander wetgewende hervormings toepaslik op die Staatsdiens.

1.2 Na die voorgestelde beleidshervormings wat in die regering deur die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 ("NOP") in werking gestel is, verskeie hofbeslissings aangaande die veld van Staatsadministrasie en aangeleenthede wat deur die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se verslag oor wetgewing wat deur die Departement van Staatsdiens- en administrasie bestuur word, het dit nodig geword om die Hoofwet te wysig.

1.3 Die Wysigingswetsontwerp op die Staatsdiens, 2023 (die "Wetsontwerp") beoog om die Hoofwet te wysig om—

*(a)* administratiewe magte oor te dra aan die departementshoofde terwyl strategiese magte deur die uitvoerende owerhede behou word;

*(b)* die funksies van die Direkteur-Generaal in die Presidensie te versterk om die funksies wat deur die NOP beoog word vir ’n administratiewe hoof van die Staatsdiens in te sluit;

*(c)* die onderskeie rolle van die President en die Premier as uitvoerende gesag aangaande departementshoofde, te verduidelik;

*(d)* die verwysing in Artikel 31(3)*(c)* reg te stel;

*(e)* Artikel 35 te wysig om die rol van die Staatsdienskommissie aangaande die bepaling van interne beswaarprosedures te verduidelik;

*(f)* die politieke regte van departementshoofde en werknemers wat direk aan departementshoofde rapporteer, te beperk;

*(g)* Artikel 38 te wysig om ŉ alternatiewe meganisme vir departemente te verskaf om wettig vergoeding wat te veel betaal is van ŉ werknemer se salaris af te trek; en

*(h)* om Artikel 42A(3) te wysig om die betekenis van "Minister" te verduidelik.

## 2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

Die hoofoogmerke van die Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir die oordrag van administratiewe magte aan departementshoofde; om die rol van die Direkteur-Generaal in die Presidensie te versterk om die President te ondersteun; om voorsiening te maak vir ŉ alternatiewe meganisme om vergoeding en voordele wat te veel betaal is terug te neem; om die rol van die Staatsdienskommissie aangaande besware te verduidelik; en om die rol van die President en die Premier aangaande die aanstelling en beroepsgebeurtenisse van departementshoofde, te verduidelik.

## 3. OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP PER KLOUSULE

### 3.1 **Klousule 1**

3.1.1 Klousule 1 van die Wetsontwerp maak voorsiening vir wysigings aan die omskrywings van "uitvoerende gesag" en "departementshoofde" wat in die Hoofwet vervat word en die byvoeging van die omskrywing van "politieke amp" vir vergemakliking van vertolking.

3.1.2 Die Wetsontwerp maak voorsiening vir ŉ nuwe paragraaf *(b)* aangaande die omskrywing van "uitvoerende gesag" wat stel dat *"'uitvoerende gesag', in verband met die hoof van ŉ nasionale departement of nasionale regeringskomponent, die President beteken en in verband met die hoof van die Premier se kantoor, provinsiale departement of provinsiale regeringskomponent, die Premier beteken."* Artikel 85(1) en (2) van die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die uitvoerende gesag van die Republiek

by die President berus en dat die President die uitvoerende gesag, tesame met ander Kabinetslede, uitvoer. Die voorgestelde wysiging is in ooreenstemming met die beleidsoogmerk, wat beoog om die rol van die President as uitvoerende gesag betreffende departementshoofde, te verduidelik.

3.2 **Klousule 2**

3.2.1 Klousule 2 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 3(7) van die Hoofwet te vervang, wat die magte en pligte van die uitvoerende gesag reguleer. Artikel 3(7) van die Hoofwet is herformuleer om strategiese magte aan die uitvoerende gesag te verskaf en om administratiewe magte van die uitvoerende gesag te verwyder om die uitvoerende gesag in staat te stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf. Daar is voorsiening gemaak vir die nodige kontrole en balans vir die afbakening van die magte tussen die uitvoerende gesag en die departementshoof om verantwoordbaarheid te verseker.

3.2.2 Klousule 2 verskaf verder aan die uitvoerende gesag magte om in te gryp indien ʼn departementshoof versuim of weier om ʼn mag of plig ingevolge die Wet uit te voer. Die voorskrif is noodsaaklik aangesien ʼn departementshoof tans administratiewe magte, soos deur ʼn uitvoerende gesag afgevaardig, uitvoer, wat sodanige afvaardiging mag onttrek indien die departementshoof versuim of weier om sekere magte of pligte wat aan hom of haar afgevaardig is, uit te voer. Die afbakening van administratiewe magte van die uitvoerende gesag na die departementshoof beteken dat die uitvoerende gesag nie meer ʼn afvaardiging kan onttrek nie en noodsaak dus ʼn proses om die uitvoerende gesag toe te laat om in te gryp waar dit geregverdig is.

3.3 **Klousule 3**

Klousule 3 van die Wetsontwerp beoog om die voorskrifte van Artikel 5 van die Hoofwet te wysig deur Artikel 3(8) van die Hoofwet na die nuwe Artikel 5(9) te skuif. Die voorskrif word gewysig om die departementshoof

in te sluit en voorsiening te maak vir beide die uitvoerende gesag en die departementshoof om enige aangeleentheid verwant aan of na aanleiding van die indiensname of diensvoorwaardes van ’n persoon wat voorheen in die Staatsdiens gewerk het, te hanteer.

3.4 **Klousule 4**

3.4.1 Klousule 4 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 7(3) van die Hoofwet te wysig om voorsiening te maak vir die afbakening van administratiewe magte aan departementshoofde in nasionale departemente, provinsiale departemente en regeringskomponente. Die wysigings van Artikel 7(3) maak voorsiening vir die departementshoof om—

*(a)* soos en wanneer vereis, aan die uitvoerende gesag te rapporteer;

*(b)* die uitvoerende gesag te help om die uitvoerende gesag se rekenpligtigheid- en verantwoordelikheidsverpligtinge uit te voer soos in Artikel 92 van die Grondwet oorweeg; en

*(c)* die strategiese plan te implementeer.

3.4.2 Klousule 4 beoog ook om Artikel 7 van die Hoofwet te wysig om voorsiening te maak vir bykomende funksies van die Direkteur-Generaal in die Presidensie om in ooreenstemming met die NOP-oogmerk te wees om ’n administratiewe hoof van die Staatsdiens te skep aan wie die Direkteurs-Generaal sal rapporteer aangaande organisatoriese, administratiewe en bedryfsaangeleenthede.

3.5 **Klousule 5**

Klousule 5 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 9 van die Hoofwet te wysig om aan die departementshoof die gesag te verskaf om persone in ’n departement aan te stel. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat ’n uitvoerende

gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.6 **Klousule 6**

Klousule 6 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 13 van die Hoofwet te wysig om daarvoor voorsiening te maak dat ’n departementshoof ’n werknemer op ’n proeftyd of enige sodanige tydperk soos wat voorgeskryf mag wees, mag aanstel. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat die uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.7 **Klousule 7**

Klousule 7 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 14 van die Hoofwet te wysig om aan die departementshoof die gesag te verskaf om persone binne ’n departement en na ander departemente te skuif.

3.8 **Klousule 8**

Klousule 8 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 14A van die Hoofwet te wysig om voorsiening te maak vir die voortsetting van indiensname van ’n persoon wat reeds by ’n Staatsliggaam in diens is en kragtens Artikel 9 aangestel is.

3.9 **Klousule 9**

3.9.1 Klousule 9 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 16 van die Hoofwet te wysig wat handel oor aftrede en die behoud van dienste. Daar word voorgestel dat die term "beampte" vervang word met die omskrewe term "werknemer".

3.9.2 Die voorgestelde wysiging beoog ook om die mag aan ’n departementshoof te verskaf om goedkeuring te gee aan ’n werknemer om voor die ouderdom van 60 uit die Staatsdiens te tree.

Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat die uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.10 **Klousule 10**

Klousule 10 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 16B van die Hoofwet te wysig om 'n departementshoof te verbied om tot 'n korter kennistydperk vir bedanking in te stem, in gevalle waar 'n werknemer wil bedank nadat kennisgewing van 'n dissiplinêre verhoor teen die werknemer gegee is. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat 'n uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.11 **Klousule 11**

Klousule 11 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 17 van die Hoofwet te wysig om aan die departementshoof die mag te verskaf om 'n persoon af te dank. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat 'n uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.12 **Klousule 12**

Klousule 12 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 30 van die Hoofwet te wysig om daarvoor voorsiening te maak dat geen werknemer lonende werk buite sy of haar indiensname in die toepaslike departement sal uitvoer of sodanige werk sal onderneem nie, behalwe met die toestemming van die departementshoof. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat 'n uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.13 **Klousule 13**

3.13.1 Klousule 13 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 31 van die Hoofwet te wysig om die departementshoof toe te laat om in uitsonderlike omstandighede die uitbetaling van ’n inkomstebedrag gelyk aan daardie salaris, toelaag, fooi, bonus of honorarium of gedeelte daarvan aan ’n werknemer goed te keur. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike hulpbronfunksies te verseker, wat ’n uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.13.2 Klousule 13 beoog verder om tegniese wysigings van Artikel 31(3) te maak om konsepte wat reeds omskryf is in ag te neem en die verwysing na "Artikel 30*(b)*" reg te stel.

3.14 **Klousule 14**

Klousule 14 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 32 van die Hoofwet te wysig om daarvoor voorsiening te maak dat—

*(a)* ’n departementshoof aan werknemers die opdrag kan gee om tydelik ander funksies in die departement uit te voer; en

*(b)* ’n uitvoerende gesag aan ’n departementshoof die opdrag kan gee om tydelik ander funksies in die departement uit te voer;

*(c)* ’n werknemer deur die departementshoof of die werknemer wat die pos beklee aangestel mag word om in ’n pos in die toepaslike departement waar te neem; en

*(d)* ’n uitvoerende gesag, na raadpleging met die President, ’n werknemer mag aanstel om as departementshoof op te tree.

3.15 **Klousule 15**

Klousule 15 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 35(5) van die Hoofwet te wysig om daarvoor voorsiening te maak dat die Minister van die

Staatsdiens en -administrasie daarvoor verantwoordelik sal wees om die prosedure te bepaal wat gebruik sal word wanneer werknemers besware in die departement voorlê (d.i. die interne proses).

3.16 **Klousule 16**

Klousule 16 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 36A in die Hoofwet by te voeg om ŉ departementshoof en ŉ werknemer wat direk aan die departementshoof rapporteer te verbied om ŉ politieke amp te beklee. Die term "politieke amp" is omskryf om die besluitnemingsechelon van politieke partye te weerspieël. Ander politieke regte van departementshoofde en werknemers wat direk aan die departementshoof rapporteer word nie deur die wysigings beïnvloed nie en hulle bly geregtig daarop om dié regte vryelik te geniet en uit te voer. Die doel van die verbod op ŉ departementshoof en ŉ werknemer wat direk aan die departementshoof rapporteer wat nie ŉ amp in ŉ politieke party mag beklee nie is om te verseker dat daar ŉ duidelike afbakening is tussen die politieke en administratiewe rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde en die invloed wat werknemers wat direk aan ŉ departementshoof rapporteer op ŉ departement het. Die voorskrif word beperk tot departementshoofde en werknemers wat direk aan departementshoofde rapporteer aangesien dié hoofde verantwoordelik is vir administratiewe besluite.

3.17 **Klousule 17**

Klousule 17 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 37 van die Hoofwet te wysig om die departementshoof toe te laat, indien toegelaat deur ŉ regulasie en tot die mate wat voorgeskryf is, om aan werknemers salarisse hoër as die minimum bedrae van die gepaste salarisvlakke van die toepaslike salarisskaal toe te staan, aan hulle spesiale bevordering in salarisse binne die salarisskaal wat op hulle toepaslik is toe te staan en aan hulle ŉ salaris toe te staan in ooreenstemming met ŉ hoër salarisvlak of enige ander beloning indien hulle ŉ uitmuntende vermoë of spesiale kwalifikasie het. Die afbakening van dié mag is om die ooreenstemming van die finansiële verantwoordelikheid met administratiewe menslike

hulpbronfunksies te verseker, wat ’n uitvoerende gesag in staat stel om daarop te fokus om strategiese en beleidsbestuur te verskaf.

3.18 **Klousule 18**

Klousule 18 van die Wetsontwerp beoog om Artikel 38(2)*(b)*(i) van die Hoofwet te wysig wat handel oor die terugneem van vergoeding wat verkeerdelik aan ’n werknemer toegestaan is. Die voorskrif is as ongrondwetlik verklaar deur die Grondwetlike Hof in die saak van *Vereniging vir Staatsamptenare obo (beswarende voordelige eienaar) Ubogu v. Departementshoof van Departement van Gesondheid, Gauteng en Ander* 2018 (2) BCLR 184 (GH). Die wysiging beoog om in ooreenstemming te wees met die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wetnr. 75 van 1997) se voorskrifte en stel meganismes in plek om te verseker dat die regte van werknemers nie ondermyn word nie.

3.19 **Klousule 19**

Klousule 19 van die Wetsontwerp beoog om die vertolkingsuitdagings in Artikel 42(3)*(a)* van die Hoofwet te verduidelik sover as wat dit verband hou met die President se mag om aangeleenthede aangaande die aanstelling en beroepsgebeurtenisse van departementshoofde af te vaardig. Daar word voorgestel dat dié artikel gewysig word om die huidige verwysings na "Adjunkpresident" en "Minister" in die Hoofwet met ’n verwysing na "’n lid van die Kabinet" te vervang.

3.20 **Klousule 20**

Klousule 20 van die Wetsontwerp maak voorsiening vir die kort titel van die Wetsontwerp, sodra dit uitgevaardig word, naamlik die Wysigingswet op die Staatsdiens, 2023.

**4. DEPARTEMENTE/ LIGGAME/ PERSONE WAT GERAADPLEEG MOET WORD**

Nasionale en provinsiale departemente, georganiseerde arbeid, NEDLAC en die publiek.

## 5. PARLEMENTÊRE PROSES

5.1 Die Grondwet onderskei tussen soos volg vier kategorieë van Wetsontwerpe: Wetsontwerpe wat die Grondwet wysig (Artikel 74); Gewone Wetsontwerpe wat nie provinsies raak nie (Artikel 75); Gewone Wetsontwerpe wat provinsies raak (Artikel 76); en Geldwetsontwerpe (Artikel 77). 'n Wetsontwerp moet korrek geklassifiseer word, anders sal dit grondwetlik ongeldig wees.

5.2 Die Wetsontwerp moet teen die voorskrifte van die Grondwet aangaande die klassifikasie van Wetsontwerpe en die funksionele gebiede wat in Bylae 4 en 5 van die Grondwet gelys is, oorweeg word. 'n Wetsontwerp moet, ingevolge Artikel 76(3) van die Grondwet, ooreenkomstig die prosedure wat in óf Artikel 76(1) óf (2) gestel, hanteer word, indien dit binne 'n funksionele gebied val wat in Bylaag 4 van die Grondwet gelys is, of voorsiening maak vir wetgewing wat in Artikel 65(2), Artikel 163, Artikel 182, Artikel 195(3) en (4), Artikel 196 en Artikel 197 oorweeg word.

5.3 Dié Wetsontwerp handel oor aangeleenthede verwant aan die Staatsdiens, soos in Artikel 197 van die Grondwet oorweeg, waarna daar in Artikel 76(3)*(f)* van die Grondwet verwys word.

5.4 Die Kantoor van die Hoofstaatsregsadviseur en die Departement van Staatsdiens en -administrasie is van mening dat dié Wetsontwerp ingevolge die prosedure wat in Artikel 76 van die Grondwet uiteengesit is hanteer moet word omdat die Wetsontwerp oor aangeleenthede aangaande die Staatsdiens, soos in Artikel 197 van die Grondwet oorweeg, handel.

5.5 Die Kantoor van die Hoofstaatsregsadviseur is ook van mening dat dit nie nodig is om die Wetsontwerp na die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers, ingevolge Artikel 39 van die Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap, 2019 (Wetnr. 3 van 2019), te verwys nie, aangesien dit geen bepalings bevat wat verband hou met tradisionele of Khoi-San-gemeenskappe nie, of aangaande gewoontereg of tradisionele Khoi-San-

gemeenskappe se gewoontes nie, of enige aangeleentheid waarna daar in Artikel 154(2) van die Grondwet verwys word nie.

Gedruk deur Creda Communications

ISBN 978-1-4850-0931-3